

Woensdag 30 Augustus

Skrifgedeelte: Markus 14:17-25

Fokusgedeelte: Markus 14:22; HK Sondag 28, Antwoord 77

“Dit is my liggaam”

Die feit dat Christus by die instelling van die nagmaal van die brood gesê het: “Dit is my liggaam”, en van die wyn: “Dit is my bloed”, is vir die verstaan van die nagmaal van wesenlike betekenis.

As ’n mens die betekenis van die woord *liggaam* probeer vasstel soos dit in die Nuwe Testament gebruik word, is dit duidelik dat daarmee nie iets van die mens bedoel word nie, maar dat dit verwys na die mens self in die totaliteit van sy menswees soos hy deur God geskep is (vgl. Rom. 12:1; 1 Kor. 6:13; 2 Kor. 5:10). As Jesus dan van die brood by die nagmaal sê: “Dit is my liggaam“, dan bedoel Hy daarmee: “Dit is Ek self.” Dan kan hierdie woorde van Hom by die nagmaal egter nie losgemaak word van die feit dat Hy Homself ter wille van die wat aan Hom behoort, aan die kruis in die dood oor-gee om vir hulle verlossing en redding te bewerk nie. Met die woorde: “Dit is my liggaam ”sê Hy dus eintlik: “Dit is Ek self in my selfoorgawe aan die kruis.”

Hierdie selfoorgawe van Christus vir dié wat in Hom glo, blyk nog duideliker as Lukas byvoeg: “... wat *vir* julle gegee word” (Luk. 22:19) en Paulus: “...*vir* julle” (1 Kor. 11:24). Die woord wat hier met “*vir*” vertaal is (*huper*), kan sowel met “*vir*” of “ten behoeve van” as met “in die plek van” vertaal word.

Deur hierdie besondere woordgebruik kry Jesus se selfoorgawe ’n tweevoudige betekenis: dit is ’n selfoorgawe *ten behoeve van die gelowiges* maar ook ’n selfoorgawe *in die plek van die gelowiges*. Dit beklemtoon die rykdom van die verlossing wat Hy vir ons bewerk het, veral as dit gesien word in die lig van die profetiese uitsprake oor die Knecht van die Here in Jesaja 53.

Dit is ook belangrik om te let op die tydstip waarop Christus gesê het: “Dit is my liggaam.” Dit het gebeur ná die drink van die tweede beker toe die ongesuurde brood gebreek en uitgedeel is. Van hierdie brood word gesê: “Dit is die brood wat jou herinner aan jou swaarkry” (Deut. 16:3; vgl. Eks. 12:39). Dit is ook genoem “die brood van ellende”. Dit verwys na Israel se verblyf in Egipte toe hulle swaarkry en ellende ervaar het.

Nou het Jesus egter met sy liggaam wat gebreek is – dus sy selfoorgawe aan die kruis – die verlossing uit die ellende volbring. Hy het immers baie meer gedoen as die verlossing uit Egipte, want Hy het sy volk van hulle sonde, ellende en dood verlos. In die selfoorgawe van sy liggaam aan die kruis het Hy geword “die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem” (Joh. 1:29).

Dit is die aangrypende betekenis wat die woorde van Christus: “Dit is my liggaam” by die instelling van die nagmaal vir ons het.